# OPSTELIDEES

Hierdie roman bied vir lesers die kans om baie gesprekke oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe te voer. Hier is 'n paar idees vir opstelle of klasbesprekings.

- Hierdie roman is 'n **liefdestorie** met 'n hartseer einde. Dink aan ander soortgelyke stories en skryf 'n opstel oor hoekom jy van die tipe stories hou of nie.

- Wat maak hierdie roman deel van **jongvolwassenefiksie**? Doen navorsing oor die elemente van 'n jongvolwasseneroman en skryf 'n opstel waarin jy bewys dat hierdie roman deel van dié klassifikasie is.

- Hierdie roman bestaan ook as 'n **reeks op Showmax**. Kyk die reeks ná jy die roman gelees het en skryf die verskille tussen die boek en die reeks neer.

**Wenke oor hoe om 'n letterkunde-opstel te skryf**

- Struktureer jou opstel logies. Wees duidelik in die openingsparagraaf waaroor die opstel gaan. Noem al die argumente wat jy gaan maak. Jy kan die bewoording "eerstens, tweedens, derdens" gebruik.

- Op universiteit gaan jy opstelle in die derdepersoon moet skryf. Om in die derdepersoon te skryf maak jou argumente meer wetenskaplik. Dit gaan nie oor JOU mening nie, jy moet bewyse gee en op 'n wetenskaplike manier bewys hoe die onderwerp beredeneer kan word. Oefen sommer nou al hoe om dit te doen. Waak egter teen lomp sinne wat nie 'n

duidelike betekenis het nie. Moenie vir 'n lewelose ding 'n lewende kwaliteit gee nie. Sê eerder: "In hierdie opstel gaan ... bespreek word" in plaas van "Hierdie opstel bespreek ...". 'n Opstel is nie iets wat vir sigself kan praat nie.

- Onthou om duidelik te wees as jy jou argument maak. Vir elke standpunt wat jy maak, moet jy bewyse of bronne noem. Gebruik hierdie eenvoudige manier om jou paragrawe te struktureer:
  * Standpunt
  * Verduideliking
  * Bewys

Byvoorbeeld: Die beste boekreeks in die wêreld is die Harry Potter-boeke [standpunt]. Die reeks bestaan uit 7 boeke wat die reis van die hoofkarakter bevat. Die boeke is aksiebelaai, snaaks en identifiseerbaar [verduideliking]. Die reeks is sedert sy verskyning, en veral sedert die verfilming daarvan, topverkoper in verskeie lande (*The Guardian*, 2020) [bewys].

- Soos genoem, gaan jy vir elke feit wat jy noem of argument wat jy maak bewyse moet gee. Jy kan dus bronne in jou opstel gebruik wat jou argument geloofwaardig sal maak. Oefen nou al hoe om eksterne bronne te gebruik en korrek daarna te verwys. Die algemeenste verwysingsmetode is die Harvard-verwysingstelsel.

  In-teks-verwysings lyk as volg (hierdie voorbeeld is vir 'n fiksionele aanlyn artikel): Volgens Coetzee (2012) word kinders nie meer toegelaat om buite te speel nie.

  In jou lys van bronne sal die bron soos volg geskryf word: Coetzee, J. 2012. "Artikelnaam", *Netwerk24*, 8 Junie 2012. [Aanlyn]. Beskikbaar by: https://www.netwerk248junie2022.co.za. Soos op: [10 Junie 2012].